*Aanhangsel B*

**BELEID: LEERDERTAL**
**(fisiese kapasiteitsbepaling)**

**DOEL**
Om vir elke leerder in die skool 'n ideale leeromgewing vir maksimum leer te skep. Dít word gedoen deur fasiliteite ten beste te benut met die oog op suksesvolle kennisoordrag en 'n positiewe leerervaring.

**DOKUMENTE GEBRUIK/GERAADPLEEG**

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996;
- Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996
- Die Wet op Beroepsveiligheid en -gesondheid, Nr. 85 van 1993
- Regulasies insake minimum eenvormige norme en standaarde vir infrastruktuur van openbare skole (uitgevaardig kragtens GK R920 in *GK* 37081 van 29 November 2013);
- SANS 10400 : 2010 – bouregulasies;
- Kurrikulumverklarings en ander verspreide beleidsdokumente (soos die Nasionale Kurrikulumverklarings Graad 10–12: Gasvryheidstudies, Januarie 2008)

**BEPALING VAN LEERDERKAPASITEIT**

1. Klaskamers (deur staat verskaf)

| **Tipe** | **Getal** | **$m^2$** |
|---|---|---|
| Permanent | 11 | 44 |
| Tydelik | 3 | 49 |

2. Klaskamers (deur beheerliggaam verskaf)

| **Tipe** | **Getal** | **$m^2$** |
|---|---|---|
| Permanent | | |
| Tydelik | 3 | 49 |

**Kapasiteit**
**Leerders per klas**
Formule vir klaskamer met enkeltafels:
[Klasgrootte ($m^2$), minus onderwysermeubels ($m^2$) (meubels/toerusting soos kaste), minus 7 $m^2$ (ruimte vir opvoeder)] ÷ [bewegingsruimte van leerder($m^2$) + grootte van leerder-tafel($m^2$)] = leerdervermoë per klas

Formule vir klaskamer met dubbeltafels:
[Klasgrootte ($m^2$), minus onderwysermeubels ($m^2$) (meubels/toerusting soos kaste), minus 7 $m^2$ (ruimte vir opvoeder)] ÷ [bewegingsruimte van 2 leerders($m^2$) + grootte van leerder-tafel($m^2$)] maal 2 = leerdervermoë per klas

**(Die Regulasies insake Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Infrastruktuur van Openbare Skole[1] skryf die volgende minimum bewegingsruimte voor:**

[1] Alhoewel dit die oogmerk van hierdie regulasies is om die minimum eenvormige norme en standaarde te voorsien vir die infrastruktuur van nuwe openbare skole, enige aanbouings, verbouings en verbeterings aan skole wat reeds bestaan, word hierdie ook as riglyn vir die kapasiteitsbepaling van reeds bestaande skole aanbeveel. Verder is die beoogde besetting wat deur die SANS 10400:2010 - bouregulasies voorgeskryf word eenvoudig onprakties vir skole om na te volg en word die Norme en Standaarde vir Infrastruktuur van Openbare Skole in die verband as riglyn aanbeveel.

